

**IA-VERKLARING OOR  
FUNDAMENTELE BEGINSELS EN  
REGTE BY DIE WERK EN 'N  
OPVOLGAKSIE**

*Aangeneem deur die  
Internasionale  
Arbeidskonferensie tydens  
sy Agt-en-sestigste Sessie,  
Genève, 18 Junie 1998*

ISBN 92-2-110829-5

---

*Eerste uitgawe 1998*

---

Die benamings wat in IA-publikasies gebruik word en wat met die gebruik in die VN ooreenstem, en die aanbieding van materiaal daarin impliseer nie die uitspraak van enige mening hoegenaamd deur die Internasionale Arbeidskantoor met betrekking tot die regstatus van enige land, streek of grondgebied of van sy owerhede, of met betrekking tot die afbakening van sy grense nie.

Aanspreeklikheid vir menings uitgespreek in ondertekende artikels, studies en ander bydraes berus uitsluitlik by die skrywers daarvan, en publiserings beteken nie dat die Internasionale Arbeidskantoor die menings wat daarin uitgespreek is, onderskryf nie.

'n Verwysing na name van firmas of kommersiële produkte en prosesse impliseer nie dat laasgenoemde deur die Internasionale Arbeidskantoor onderskryf word nie, en versuim om 'n spesifieke firma, kommersiële produk of proses te noem beteken nie dat die afgekeur word nie.

IA-publikasies kan by vooraanstaande boekwinkels of plaaslike IA-kantoor in talle lande of regstreeks vanaf "ILO Publications, International Labour Office, CH-1211, Geneva 22, Switzerland" verkry word. Katalogusse of lysies van nuwe publikasies is gratis by bogenoemde adres verkrygbaar.

---

*Gedruk in Switserland*

## AANBIEDING

Op 18 Junie 1998 het die Internasionale Arbeidsorganisasie die *IA-verklaring oor Fundamentele Beginsels en Regte by die Werk en 'n Opvolgaksie* in Genève aangeneem en daarmee die uitdagings van globalisasie, wat sedert 1994 die onderwerp van uitvoerige debat binne die IA is, aanvaar. Hoewel globalisasie 'n faktor van ekonomiese groei en ekonomiese groei 'n voorvereiste vir maatskaplike vooruitgang is, staan dit vas dat dit op sigself nie voldoende is om daardie vooruitgang te waarborg nie. Dit moet gepaard gaan met 'n sekere aantal maatskaplike prosedurereëls gegrond op gemeenskaplike waardes om die betrokkenes in staat te stel om hulle billike aandeel van die rykdom wat hulle help skep het, te eis.

Die doel van die Verklaring is om 'n balans te skep tussen die begeerte om nasionale pogings te stimuleer wat sal verseker dat maatskaplike vooruitgang met ekonomiese vooruitgang gepaard gaan, en die behoefte om die uiteenlopende omstandighede, moontlikhede en voorkeure van individuele land te respekteer.

'n Eerste stap in hierdie rigting is in 1995 in Kopenhagen geneem toe die Staats- en Regeringshoofde wat die Wêreldspitsberaad vir Maatskaplike Ontwikkeling bygewoon het, spesifieke verbintenisse en 'n Program van Aksie met betrekking tot “basiese arbeidersregte” – 'n verbod op dwangarbeid en kinderarbeid, vryheid van assosiasie, die reg om te organiseer en gesamentlik te beding, gelyke vergoeding vir werk van gelyke waarde, en die verwydering van diskriminasie in indiensneming – aangeneem het. Die WHO se Ministeriële Konferensie, wat in 1996 in Singapoer gehou is, het toe die geleentheid gebied vir 'n tweede stap om geneem te word. Die State het hulle opnuut daartoe verbind om internasionaal erkende kernarbeidstandaarde te handhaaf, hulle daaraan herinner dat die IA die bevoegde liggaam is om hierdie standaarde te stel en te handhaaf, en hulle ondersteuning vir sy werk in die bevordering daarvan herbevestig.

Die aanname van die Verklaring was die derde stap. Dit maak 'n aansienlike bydrae tot die doelwit soos uiteengesit in paragraaf 54(b) van die Program van Aksie wat by die Kopenhagen-spitsvergadering aangeneem is, naamlik om respek vir basiese werkersregte te beskerm en te bevorder, terwyl Statepartye by die ooreenstemmende IA-konvensies versoek

word om dit ten volle te implementeer en ander State versoek word om die beginsels wat daarin vervat is, in ag te neem.

Die bestaande toesighoudende masjinerie verskaf alreeds 'n manier om te verseker dat die Konvensies toegepas word in die State wat dit bekragtig het. Vir daardie State wat dit nog nie gedoen het nie, maak die Verklaring 'n belangrike nuwe bydrae. Eerstens herken dit dat selfs daardie Lede van die IA wat nie die betrokke Konvensies bekragtig het nie, onder die verpligting staan om die beginsels met betrekking tot die fundamentele regte wat die onderwerp van daardie Konvensies is, te goeder trou en in ooreenstemming met die Grondwet te respekteer. Tweedens (en hier is die eerste aspek van die opvolgaksie wat in die Aanhangsel by die Verklaring verskaf word) poog dit om hierdie doelwit te verwesenlik deur die implementering van die IA se unieke grondwetlike prosedure, waarvolgens daardie State wat nie die Kernkonvensies bekragtig het nie, gevra sal word om verslae in te dien in verband met vordering wat gemaak is ten opsigte van die implementering van die beginsels wat daarin vasgelê is.

Laastens gaan die Organisasie een stap verder deur homself plegtig daartoe te verbind om sy begrotingshulpbronne en sy invloed in te span om sy Lede te help om die oogmerke van die Kopenhagen-spitsberaad te verwesenlik. Hierdie verbintenis sal in die globale verslag – die tweede aspek van die opvolgaksie wat in die Aanhangsel verskaf word – weerspieël word. Die globale verslag sal 'n oorsig bied van die vordering wat gedurende die voorafgaande vierjarige tydperk gemaak is in lande wat die Kernkonvensies aangeneem het asook in dié lande wat dit nie gedoen het nie. Dit sal ook dien as 'n basis waarop die doeltreffendheid van die stappe wat gedurende die voorafgaande tydperk gedoen is, geëvalueer sal word, en as 'n beginpunt vir aksieplanne vir toekomstige bystand.

Deur hierdie Verklaring aan te neem het die IA die uitdaging wat die internasionale gemeenskap aan hom gebied het, aanvaar. Die IA het 'n maatskaplike minimumstandaard op globale vlak gestel met die oog daarop om die realiteite van globalisasie die hoof te bied, en kan nou met hernieude optimisme uitsien na die nuwe eeu.

Michel Hansenne

## **IA-VERKLARING OOR FUNDAMENTELE BEGINSELS EN REGTE BY DIE WERK EN 'N OPVOLGAKSIE**

Aangesien die IA gevestig is met die oortuiging dat maatskaplike geregtigheid noodsaaklik is vir universele en blywende vrede;

Aangesien ekonomiese groei noodsaaklik is, maar nie genoeg is om regverdigheid, maatskaplike vooruitgang en die uitwissing van armoede te verseker nie, wat bevestig dat daar 'n behoefte bestaan vir die IA om sterk maatskaplike beleid, geregtigheid en demokratiese instellings te bevorder;

Aangesien die IA nou meer as ooit tevore op sy hulpbronne ten opsigte van standaardstelling, tegniese samewerking en navorsing op al sy kundigheidsgebiede, veral indiensneming, beroepsopleiding en werkstoestande, staat behoort te maak om te verseker dat, in die konteks van 'n globale strategie vir ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling, ekonomiese en maatskaplike beleid onderling ondersteunende komponente verteenwoordig om wydstrekkende, standhoudende ontwikkeling te stimuleer;

Aangesien die IA spesiaal aandag behoort te gee aan die probleme van persone met spesiale maatskaplike behoeftes, veral werkloses en trekarbeiders, en internasionale, streeks- en nasionale pogings wat daarop gerig is om hulle probleme op te los, behoort te mobiliseer en aan te moedig, en doeltreffende beleid gerig op werkskepping behoort te bevorder;

Aangesien dit in pogings om die verband tussen maatskaplike vooruitgang en ekonomiese groei te handhaaf, van besondere belang is om fundamentele beginsels en regte by die werk te handhaaf omdat dit die betrokke persone in staat stel om hulle deel van die rykdom wat hulle gehelp genereer het, vrylik en op die grondslag van gelyke geleenthede te eis en hulle menslike potensiaal ten volle te bereik;

Aangesien die IA 'n grondwetlik verpligte internasionale organisasie en die bevoegde liggaam is om internasionale arbeidstandaarde te stel en daarna om te sien, en universele steun en erkenning geniet in die bevordering van fundamentele regte by die werk as uitdrukking van sy grondwetlike beginsels;

Aangesien dit, in 'n situasie van groeiende ekonomiese interafhanklikheid, noodsaaklik is om die onveranderlike aard van die fundamentele beginsels en regte soos vervat in die Organisasie se Grondwet te herbevestig en die universele toepassing daarvan te bevorder –

1. Onthou die Internasionale Arbeidskonferensie:

- (a) dat, deur vrylik by die IA aan te sluit, alle Lede die beginsels en regte soos uiteengesit in sy Grondwet en in die Verklaring van Philadelphia goedgekeur het en onderneem het om hulle na die beste van hulle hulpbronne en volkome ooreenkomstig hulle spesifieke omstandighede te beywer vir die verwesenliking van die algemene doelwitte van die Organisasie;
- (b) dat hierdie beginsels en regte uitgespreek en ontwikkel is in die vorm van spesifieke regte en verpligtinge in Konvensies wat binne sowel as buite die Organisasie as fundamenteel erken word.

2. Verklaar die Konferensie dat alle Lede, selfs al het hulle nie die tersaaklike Konvensies bekragtig nie, juis as gevolg van hulle lidmaatskap van die Organisasie verplig is om die beginsels ten opsigte van die fundamentele regte wat die onderwerp van daardie Konvensies is, te goeder trou en ooreenkomstig die Grondwet te respekteer, te bevorder en te verwesenlik. Die beginsels is soos volg:

- (a) vryheid van assosiasie en die effektiewe erkenning van die reg om gesamentlik te beding;
- (b) die uitskakeling van alle vorms van gedwonge of verpligte arbeid;
- (c) die effektiewe afskaffing van kinderarbeid; en
- (d) die verwydering van diskriminasie ten opsigte van indiensneming en beroepe.

3. Erken die Konferensie die Organisasie se plig om sy Lede in reaksie op hulle gevestigde en uitgesproke behoeftes by te staan ten einde hierdie doelwitte te bereik deur ten volle gebruik te maak van sy grondwetlike, operasionele en begrotingshulpbronne, insluitende deur die mobilisering van eksterne hulpbronne en steun, asook deur ander internasionale organisasies waarmee die IA ingevolge Artikel 12 van sy Grondwet betrekkinge aangeknoop het, om hierdie pogings te ondersteun –
  - (a) deur tegniese samewerking en adviesdienste te bied ten einde die bekragtiging en implementering van die fundamentele Konvensies te bevorder;
  - (b) deur daardie Lede wat nog nie in staat is om sommige van of al hierdie Konvensies te bekragtig nie, by te staan in hulle pogings om die beginsels ten opsigte van die fundamentele regte wat die onderwerp van daardie Konvensies is, te respekteer, te bevorder en te verwesenlik; en
  - (c) deur die Lede te help in hulle pogings om 'n klimaat vir ekonomiese en maatskaplik ontwikkeling te skep.
4. Besluit die Konferensie dat hierdie Verklaring ten volle uitgevoer moet word deur die implementering van 'n betekenisvolle, doeltreffende reklame-opvolgaksie ooreenkomstig die maatstawwe soos gespesifiseer in die Aanhangsel hierby, wat as 'n integrale deel van hierdie Verklaring beskou word.
5. Beklemtoon die Konferensie dat arbeidstandaarde nie vir die doeleindes van proteksionistiese handel gebruik moet word nie, en dat niks in hierdie Verklaring en sy opvolgaksie vir sodanige doeleindes aangehaal of andersins gebruik mag word nie; daarbenewens mag die vergelykende voordeel van enige land geensins deur hierdie Verklaring of die opvolgaksie in twyfel getrek word nie.

## **Aanhangsel Opvolgaksie by die Verklaring**

### **I. ALGEHELE DOEL**

1. Die doel van die opvolgaksie wat hieronder beskryf word, is om die Lede van die Organisasie se pogings ter bevordering van die fundamentele beginsels en regte, soos vasgelê in die Grondwet en in die Verklaring van Philadelphia en herbevestig in hierdie Verklaring, aan te moedig.

2. In ooreenstemming met hierdie doelwit, wat streng op reklame gerig is, sal hierdie opvolgaksie voorsiening maak vir die identifisering van gebiede waarin die bystand van die Organisasie deur middel van sy tegniese samewerkingsaktiwiteite sy Lede kan baat deur hulle te help om hierdie fundamentele beginsels en regte te implementeer. Dit vervang nie die gevestigde toesighoudingsmeganismes nie, en mag ook nie die funksionering daarvan belemmer nie; gevolglik mag spesifieke situasies binne die strekking van daardie meganismes nie binne die raamwerk van hierdie opvolgaksie ondersoek of herondersoek word nie.

3. Die twee aspekte van hierdie opvolgaksie, wat hieronder beskryf word, is op twee bestaande prosedures gegrond: die jaarlikse opvolgaksie ten opsigte van nie-bekragtigde fundamentele Konvensies sal bloot 'n aanpassing van die huidige metodes vir die toepassing van Artikel 19, paragraaf 5(e), van die Grondwet wees; en die globale verslag sal dien om die beste resultate uit die prosedures wat ingevolge die Grondwet gevolg word, te verkry.

### **II. JAARLIKSE OPVOLGAKSIE TEN OPSIGTE VAN NIE-BEKRAGTIGDE FUNDAMENTELE KONVENSIES**

#### *A. Doel en strekking*

1. Die doel is om 'n geleentheid te bied om elke jaar, deur middel van eenvoudige prosedures ter vervanging van die vierjarige oorsig wat in 1995 deur die Beheerliggaam bekendgestel is, daardie Lede wat nog nie al die fundamentele Konvensies bekragtig het nie,



se pogings wat hulle in ooreenstemming met die Verklaring aangewend het, in oënskou te gaan.

2. Die opvolgaksie sal elke jaar die vier kategorieë fundamentele beginsels en regte wat in die Verklaring gespesifiseer word, dek.

### *B. Toepassingsmetodes*

1. Die opvolgaksie sal gegrond wees op verslae wat die Lede ingevolge Artikel 19, paragraaf 5(e), van die Grondwet aanvra. Die verslagvorme sal opgestel wees om inligting in verband met enige veranderings wat in hulle reg en praktyk plaasgevind het, met behoorlike inagneming van Artikel 23 van die Grondwet en gevestigde praktyk te verkry vanaf regerings wat minstens een van die fundamentele Konvensies nie bekragtig het nie.

2. Hierdie verslae, wat deur die Kantoor opgestel word, sal deur die Beheerliggaam nagegaan word.

3. Met die oog op die aanbieding van 'n inleiding tot die verslae wat so opgestel word wat die aandag sal vestig op enige aangeleentheid wat dalk 'n meer diepgaande bespreking kan vereis, mag die Kantoor 'n beroep doen op 'n groep deskundiges wat vir hierdie doel deur die Beheerliggaam aangestel is.

4. Aanpassings van die Beheerliggaam se bestaande prosedures moet ondersoek word om Lede wat nie in die Beheerliggaam verteenwoordig word nie, in staat te stel om op die mees geskikte manier verduidelikings te verskaf wat tydens besprekings van die Beheerliggaam nodig of nuttig mag wees om die inligting wat hulle verslae bevat, aan te vul.

## **III. GLOBALE VERSLAG**

### *A. Doel en strekking*

1. Die doel van hierdie verslag is om 'n dinamiese, globale prentjie ten opsigte van elke kategorie fundamentele beginsels en regte wat gedurende die voorafgaande vierjarige tydperk aangeteken is, te verskaf, om te dien as 'n grondslag waarop die doeltreffendheid van bystand wat deur die Organisasie gelewer is, bepaal kan word, en om prioriteite vir die

volgende tydperk vas te stel in die vorm van aksieplanne vir tegniese samewerking wat veral daarop gemik is om die interne en eksterne hulpbronne wat vir die uitvoering daarvan nodig is, te mobiliseer.

2. Die verslag sal elke jaar om die beurt een van die vier kategorieë fundamentele beginsels en regte dek.

#### *B. Toepassingsmetodes*

1. Die verslag sal onder die verantwoordelikheid van die Direkteur-Generaal opgestel word op grond van amptelike inligting, of inligting wat in ooreenstemming met gevestigde prosedures ingesamel en geevalueer is. In die geval van State wat nie die fundamentele Konvensies bekragtig het nie, sal dit gegronde wees op die bevindinge van voorgenoemde jaarlikse opvolgaksie. In die geval van Lede wat die betrokke Konvensies bekragtig het, sal die verslag veral gegronde wees op verslae waarmee ingevolge Artikel 22 van die Grondwet opgetree is.

2. Hierdie verslag sal aan die Konferensie voorgelê word vir drieledige bespreking as 'n verslag van die Direkteur-Generaal. Die Konferensie kan hierdie verslag apart van verslae ingevolge Artikel 12 van sy Staande Reëls behandel of dit tydens 'n sessie wat volkome aan hierdie verslag toegewy is, bespreek of dit op enige ander geskikte manier behandel. Dit sal dan die Beheerliggaam se verantwoordelikheid wees om, by 'n vroeë sessie, gevolgtrekkings uit hierdie bespreking te maak in verband met die prioriteite en aksieplanne vir tegniese samewerking wat vir die volgende vierjarige tydperk geïmplementeer gaan word.

#### **IV. DIT WORD VERONDERSTEL DAT:**

1. Voorstelle gedoen sal word vir die nodige wysigings aan die Staande Reëls van die Beheerliggaam en die Konferensie om die voorafgaande bepalings te implementeer.

2. Die Konferensie sal mettertyd die verloop van hierdie opvolgaksie nagaan in die lig van ondervinding wat opgedoen is om te bepaal of dit die algehele doel soos in Deel 1 uitgespreek, toereikend verwesenlik het.

Die voorafgaande is die *IA-verklaring oor Fundamentele Beginsels en Regte by die Werk en 'n Opvolgaksie*, wat die Algemene Konferensie van die Internasionale Arbeidsorganisasie behoorlik aangeneem het tydens sy Agt-en-sestigste Sessie, wat in Genève gehou en op 18 Junie 1998 as gesluit verklaar is.

UIT HOOFDE WAARVAN ons ons handtekeninge op hierdie negentiende dag van Junie 1998 aangeheg het.

*Die President van die Konferensie,*  
JEAN-JACQUES OECHSLIN

*Die Direkteur-Generaal van die Internasionale Arbeidskantoor,*  
MICHEL HANSENNE